# *KONFERENSIE*

Sit. Bly om te wees in die, vergader in Hemelse plekke in Christus Jesus, die boodskappe van die Here te hoor, in die wete dat ons weer lewe in die dae van die apostoliese Kerkbeweging. O, ek's so bly hieroor!

2 Vandag was 'n wonderlike dag. Ons het 'n paar onderhoude met die mense gehad, ensovoorts, en die Gees van die Here was naby, en ons het groot dinge sien plaasvind. En ek glo dat ons naby die einde is, baie naby, nader as wat ons regtig dink ons is.

3 So vanaand is nog 'n aand waar ons die voorreg het, hierdie kant van die Ewigheid, om te vergader om oor Sy Woord te praat. Ek glo as ons net die diens sou afsluit en huis toe gaan, sou dit ons baiekeer net baat om uit te wees vanaand, die sang, en die vermanings te hoor, en die Gees wat met die mense praat.

4 Kyk in die Skrifte en ondersoek Hulle, dit is hoe dit—dit begin het, dit is hoe dit sal eindig. Het julle ooit opgelet dat die Heidense koninkryk ingekom het deur onbekende tale en uitleg? Koning Nebukadnésar, die handskrif op die muur, onbekende tale en uitleg. Dit gaan op dieselfde manier uit, die Heidense tydperk.

O, dit sou so lekker wees as ons 'n paar weke gehad het wat ons kon neem om te praat oor profesie, ensovoorts, die . . .

5 Ek het Broer Jack Moore gevra, my kosbare vriend, vandag of dit in orde sou wees, as ek vanaand iets in die gemeente aangekondig het. Gesê: "Sekerlik."

6 Vanaf volgende Sondag, oor 'n week, die vierde tot die elfde, by Jeffersonville, praat ek agt aande daar oor *Die Sewe Laaste Kerktydperke*. Ek gaan 'n klein kommentaartjie daaroor skryf, en die Here het skynbaar op my hart geplaas dat ek dit voor die kerk sou preek.

7 En dit sal op magnetiese bandopname gaan, en van daar af op die plate, en van die plate na die tikmasjien, snelskrif, tikskrif, en dan uit in druk wees wat ten minste drie nuwe boeke maak wat nou van visioene af kom, en dan sal hierdie boek uitkom, *Die Sewe Laaste Kerktydperke*. Ek glo dat ons in daardie tydperk is.

8 Hoe ek dit begin skryf het, ek het teruggekyk elke keer wat die Here met my praat, skryf ek dit neer, en hou dit dan dop, en dit na die mense bring, en hulle wys hoe dit gebeur. Ek het 'n profesie gesien, ek het nie, ek was pastoor van die Baptiste kerk daar, ek het nie eens geweet wat 'n visioen beteken nie, en nou, daardie dinge wat gebeur het, ek sou dit noem, "in 'n beswyming gaan." Ek het nie geweet om dit 'n visioen te noem, op daardie tydstip nie, ek was net 'n seun, 1933, in Junie.

9 Ek was op pad Sondagskool toe, en toe ek my Bybel geneem het, het ’n visioen voor my gekom, en ek was op die vloer gestop. En hier was wat dit gesê het: dis op geel papier, sal binnekort in die *Herald Of Faith* gedruk word, want omtrent alles daarvan is vervul. 1933, dink nou hieraan, baie, baie jare gelede, omtrent agt-en-twintig jaar gelede het dit—dit plaasgevind, kyk hoe akkuraat Sy Woord is.

10 Gesê: “Ons het nou ’n president, Mnr. Roosevelt, en hierdie Mnr. Roosevelt sal veroorsaak dat die wêreld in ’n wêreldoorlog ingaan deur sy, in sy tyd van sy administrasie as president.”

11 En toe gesê: “En gedurende hierdie tyd het hulle vroue toegelaat om te stem, wat ’n vloek vir die volk sal wees, hulle sal een of ander tyd die verkeerde man kies.” En hulle het nou die dag. Ja. Nou, dink daaraan.

12 Gesê: “Ons sal oorlog maak met Duitsland, en Duitsland sal verskans word agter beton, en ons sal ’n verskriklike pak slae kry by hierdie plek,” die Maginot Linie, elf jaar voor dit gebou is. Sien? Presies.

13 Gesê: “Hierdie nuwe diktator, Mussolini, sal sy eerste tree gee na Ethiopië, en Ethiopië sal voor sy voete val.” Dit het. Dit het gesê: “Dit sal sy laaste wees, hy sal in skande eindig.”

14 En ek het gesê: “Dit sal gebeur voor die eindtyd kom, dat daar ’n groot vrou sal wees wat sal opstaan in die Verenigde State, want die Verenigde State is gemerk met vrou, haar getal is dertien, en sy sal opstaan, óf president wees, óf,” ek sit dit tussen hakies, “(miskien sal die vrou, wat mooi en aantreklik is, die Katolieke kerk wees) maar met ’n wrede hart, en sy sal die nasie na besoedeling lei.

15 “En dan sal dit gebeur dat hulle ’n outomobiel in ’n plek sal vervolmaak, dat ek ’n familie sien ry het in ’n motor wat van glas was, en nie enige stuurwiel daarin gehad het nie.” Dit was. . . En ek het nou die dag gesien dat dit, in die *Popular Mechanics* dat die masjien alreeds uitgevind is, hulle kan dit oral neem waar jy wil deur een of ander soort van ’n, hierdie radarbeheer. Stel net jou bestemming daarin, en dit gaan reguit aan. Jy het dit nie eens nodig nie, en dis met glas bedek.

16 Toe het ek omgedraai om te kyk en ek het gesien die Verenigde State smeul, iets het dit verbrand.

17 En daaronder het ek gesê: “Nie in die beswyming nie, maar, ek voorspel,” onthou dit, ek reken hierdie is ook opgeneem, “Ek voorspel dat hierdie dinge sal plaasvind tussen nou, 1933, en 1977.” Wat ons nog sestien jaar sal gee as my voorspelling reg tref.

18 Nou, daar is sewe dinge van gepraat wat sou gebeur, vyf van hulle het alreeds gebeur, daar’s twee oor wat moet gebeur. Dit sal so wees. Dis, in die Naam van die Here sal dit so wees. Sien?

O, Hy's groot, en . . . [Iemand praat in tale. Leë kol op band—Red.]

19 . . . Vader, vir U Geeste, vir die . . . [Leë kol op band—Red.] . . . stuur op die mense, die gawes wat in die Kerk is. Ons dank U, Here, want hulle spreek in eenheid, hulle spreek in eenheid van U koms. Die profete, die sprekers in tale, die uitlêers, almal waarsku ons, die uur is op hande, en ons glo waarlik dat dit later is as wat ons dink. Mag ons ons harte en siele voorberei vir die koms van die Here.

20 En, vanaand, soos ons in U Woord lees, mag U nou met ons praat deur die geskrewe Woord. Ons vra, in Jesus' Naam, en tot Sy eer. Amen.

21 In die Boek van Jesaja net vir 'n kort Boodskap, om julle nie te lank te hou nie. Ek wil sê vir die gemeente wat nie hier was vanmôre nie, ek weet baie van julle moes werk, dis sleg om 'n diens te hê op 'n dag wanneer mense moet werk.

22 Maar ons edele en geliefde broer, die rabbi, het ons 'n besondere boodskap gegee oor die—die tyd en oor die Bybel. En ek het beslis die—die gemeenskap waardeer wat ons broer hier met ons gehad het, en ek met hom gehad het. En hy moet vanaand om *iets-oor-elf* vertrek, en hy het gesê hy sou omtrent tien-dertig moes vertrek. Ek het gesê: "Miskien sal ons teen daardie tyd klaar wees." En ek waardeer hom beslis baie. Mag God hom aanspoor, is my gebed.

23 Baie van julle het 'n klein profesie gehoor wat gegee is, nie lank gelede nie, in hierdie kerk, deur 'n klein, Baptiste vroutjie; dit het gisteraand gebeur. So ek is seker die kerk weet waarvan ons praat. Hierdie kerk staan vanaand op die Berg van Verheerliking ondervinding. Dit is so.

24 Laat ons blaai na Jesaja die 1ste hoofstuk, en lees uit die 17de en die 18de vers, miskien die 16de ook, soos ons lees:

> *Was jou, maak jou skoon; verwyder die boosheid van julle handelinge voor my oë; hou op om kwaad te doen;*
>
> *Leer om goed te doen; soek oordeel, help die verdruktes, oordeel die wees, pleit vir die weduwee.*
>
> *Kom nou, en laat ons die saak uitmaak, sê die* HERE: *al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was hulle rooi soos purper, hulle sal* wit *word soos wol.*

25 Vader, seën U Heilige Woord. Ons wag, Here, op die Heilige Gees om hierdie dinge aan ons te openbaar. Spreek tot elke hart soos ons behoefte het, Here. U pleit deur baie gawes en deur U Woord, pleit op die hoofweë en weë, probeer om hierdie elfder-uur mense te dwing om gereed te maak, U kom. Skenk dit, Here, en help my nou, en spreek. Ons vra in Jesus' Naam. Amen.

26 As ek dit 'n teks sou noem, sou ek graag die onderwerp van *Konferensie* wou neem, want toe ek gekom het, het ek opgelet bo die deur daar, dat dit 'n Gemeenskapsbyeenkoms genoem word, en 'n gemeenskapsdiens is net soos 'n tyd waar ons saam gemeenskap hou. En nou, baie van julle onthou die bejaarde en—en geliefde man, en dienskneg van God, genaamd F. F. Bosworth, wat my medewerker en 'n geliefde broer was, wat net onlangs Huis toe gegaan het, omtrent 'n honderd jaar oud, om die Here te ontmoet.

27 En hy het altyd 'n groot sin vir humor gehad, en wanneer ek hom sou ontmoet en met hom praat, sou hy altyd 'n klein humorsin hê. En hy het altyd gesê: "Broer Branham, weet jy wat *gemeenskap* [Eng. "fellowship"—Vert.] is?"

En ek het gesê: "Ek dink so, Broer Bosworth."

Hy het gesê: "Dis twee kêrels in een skip [Eng. "fellows" in 'n "ship"—Vert.]." So, ek dink dis 'n baie goeie uitdrukking.

28 Nou, toe hy sterwend was, julle het gehoor van sy dood, natuurlik, en ek het vinnig afgejaag na Miami om hom te sien. En ek het by die deur ingestorm, en daar het hy opgestaan, hom sien opstaan, en die wit hare en sy kaalkop, sy klein, dun armpies het uitgereik na my. Ek het gehardloop en hom om die hals geval, en ek het geskree, "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en sy ruiters!" Want as daar 'n man was wat ek self geweet het wat waardigheid verleen het aan die Pinksterkerk, was dit F. F. Bosworth, 'n groot man van geloof.

Toe het hy vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, ek het 'n woord vir jou, en ek is so bly jy het hiernatoe gekom voor ek heengegaan het."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

29 Hy het gesê: "Haas na die sendingvelde." Gesê: "Daar is waar die sukses in die Here se werk vir jou lê." Gesê: "Gaan, voor sommige van hierdie jong kêrels gaan en die pad bederf."

30 En ek het gesê: "Broer Bosworth, ek wil vir jou 'n vraag vra, my kosbare, heilige broer. In al die tye van jou bediening, wat was die genadigste tyd? Toe jy die Heilige Gees ontvang het; of toe 'n sekere persoon genees is; of. . .?"

Hy het gesê: "Net nou is die grootste ondervinding wat ek ooit in my hele lewe gehad het."

Ek het gesê: "Besef jy jy's sterwend?"

31 Hy het gesê: "Al waarvoor ek gelewe het, vir meer as vyftig jaar, Broer Branham, is Jesus Christus," en hy het gesê: "enige oomblik mag Hy by die deur instap om my Huis toe te neem."

32 Toe die dood hom getref het, het hy opgestaan in die kamer en hand geskud met mense vir meer as twee ure, sy bekeerlinge, en party van hulle was weg vir vyftig jaar.

Ek hou van daardie *Psalm Van Die Lewe*, die deel daarvan wat sê:

> Lewens van groot manne herinner ons almal
> En ons kan ons lewens groot maak,
> By afskeid, agter ons laat
> Voetspore op die sand van tyd.
>
> Voetspore wat miskien 'n ander,
> Wat oor die lewe se groot see seil,
> Vir 'n verlate en skipbreukeling broer,
> Deur dit te sien, weer sal laat moed skep.

Ek hou daarvan.

33 Ons vergader saam om dinge te bespreek. Ons hoor soveel van konferensies deesdae, al waarvan jy deesdae gehoor het, is 'n konferensie. Hulle hou. . . [Leë kol op band—Red.] . . . VN Konferensies regoor die wêreld.

34 Wat is 'n *konferensie*, in elk geval? Waarvoor is dit? Dis vir wanneer besigheid, of die hoofde van bewegings bymekaarkom en die beste ding probeer uitdink wat hulle weet om te doen.

35 Wanneer, gewoonlik word konferensie gereël in die tyd van 'n krisis. In die tyd van 'n krisis roep hulle hulle allerbeste intellektueles bymekaar, die manne wat skynbaar die beste weet, en hulle bring hierdie manne bymekaar, hoofde van nasies, hoofde van organisasies, hoofde van besigheidsfirmas. Wanneer daar 'n krisis is, roep hulle hierdie manne bymekaar, en hulle gaan sit en gebruik die beste wat hulle het om die ding uitgeredeneer te kry.

36 En dan vind ons dat ons een gehad het gedurende die tyd van die Tweede Wêreldoorlog, Ek glo hulle het dit die—die Groot Vier Konferensie genoem; was 'n paar jaar gelede, omtrent minder as twintig, dat hulle die Groot Vier Konferensie gehad het. Baie van julle mans en vroue hier kan daardie konferensie onthou, toe die hele wêreld in 'n tyd van 'n krisis was, die oosterse en die westerse wêreld was in stryd met mekaar. Duitsland, en die Nazi nasies, ensovoorts, hulle het al hulle—hulle beste breine bymekaar geroep, die hooggeplaastes van die volk, die beste, en gaan sit.

37 Ek onthou 'n vriend, 'n predikervriend van my, 'n Baptiste broer, baie goeie man, Dr. Pettigrew, in Louisville, Kentucky, en hy het geluister na die berigte van daardie konferensie. En hy het gesê dat hy was, sy radio aan gehad het om te luister na die plek van waar die berigte ingekom het, wat hulle probeer besluit het.

38 En ek dink dis wat ons almal behoort te doen, ek dink wanneer dinge op die einde is, behoort ons nie net te luister nie, behoort ons te bid, te bid vir die leiers van ons volk, te bid vir manne wat aan bewind is, dat God sal regeer.

39 Ek was nou die dag in een van hulle toe ek opgelet is daar was elf van ons wat om 'n tafel gesit het, in 'n—'n—'n groot federale hof, en op die punt van die tafel was daar een leë sitplek. Ek was hierby betrokke, en ek weet Wie daar gesit het op die manier wat dit uitgekom het, my Here. O, ek is so bly dat gebed dinge verander! Toe, toe ons was . . .

40 Dr. Pettigrew het gesê hy het oor die vloer geloop en geluister na die berigte, en gesê iemand het aan die deur geklop, en dit was een van hierdie moderne, beatnik soort mense met die oorpakke, en die lang hare gehad het, en af-en-op, en julle weet, en ek weet nie, al daardie soort van verspotte goed en hy het gesê: "Ek wil hê jy moet saam met my dorp toe gaan, ek—ek skryf literatuur," en hy het gesê: "poësie, en ek . . . Hulle sal nie—hulle wil nie my poësie koop nie," gesê: "en—en jy's 'n man met invloed," en gesê: "kom help jy—jy my en gee my 'n aanbeveling."

En hy het gesê: "My goeie man, ek luister na die berigte van die konferensie van die Groot Vier. Ek wil weet hoe dit uitspeel."

41 En hierdie beatnik het gesê: "O, my poësie, my liedere en die moderne ruk-en-rol," of boogie-woogie, wat dit ook al was in daardie dae, die jongmense gedoen het: "is belangriker as dit!" Onkundig as dit nie reg verloop het nie, daar geen nasie meer sou wees om boogie-woogie te hê, nie of—of wat hulle ook al die goed noem, nie. Nou, o, ons behoort besorg te wees oor hierdie dinge.

42 Daar was nog 'n konferensie wat die Geneefse Konferensie genoem is, en, toe ons weer moes vergader saam met die nasies, en probeer uitdink wat die beste ding is om te doen; en daar was een wat pas onlangs die Parys Konferensie genoem is. En hulle kies gewoonlik 'n plek, 'n mooi plek waar dit geskik is.

43 Net onlangs was ek in Genève waar hulle daardie konferensie gehou het, en dit blyk 'n plek te wees waar hulle kan uitkyk en dinge sien wat hulle inspireer. Dis vreemd wanneer—wanneer die spanning op 'n persoon is, hy iets moet hê om hom te inspireer. Digters klim op in die berge om die sonsopkoms te aanskou; baie kry vir hulle 'n hut buite iewers; profete woon in die wildernis weg van die mense af, iewers om *iets* te vind wat hulle inspireer.

44 En die Geneefse Konferensie is gehou in 'n pragtige plek, die Parys Konferensie, ensovoorts. En sien hierdie konferensies van die nasies is so gepas, en ons het soveel. En ons weet almal van hulle af, ons lees van hulle in die koerant, en hoor van hulle op die radio, en die televisies, en watter ander kanale ons ook al het.

45 En ons weet van hulle, maar laat ons dink aan 'n paar konferensies wat God gehad het. God het ook konferensies. Hy het hier gesê: "Kom, laat ons die saak uitmaak, sê die Here, al was julle sondes soos skarlaken, hulle sal wit word soos wol; rooi soos karmosyn, wit soos sneeu. Kom, laat ons dit uitmaak." God wil 'n konferensie hê; God het konferensies.

46 In die wêreldkonferensies kom mans bymekaar en hulle eet, drink, lieg vir mekaar. Dis baie anders wanneer God 'n konferensie het: Mense ontmoet mekaar en vas en bid, kry bevele uit die Hemel, en gaan vorentoe. Laat ons praat van een van God se konferensies, of 'n paar van hulle.

47 Een van die eerste konferensies wat ek aan dink wat God gehou het, was die Eden konferensie. God het 'n konferensie in Eden gehou. Toe die nuus die Hiernamaals bereik het dat Sy seun verlore was, dat hy gesondig het en sy rug op sy God gedraai het, het die nuus die Hemel getref. Sonder twyfel dat, baie van die Engele wou afgaan en kyk of hulle iets daaraan kon doen, maar God wou daardie konferensie Self hou. Dit was Sy kind wat in die moeilikheid was, Hy kon dit nie aan 'n Engel toevertrou nie, dit was 'n belangrike konferensie.

48 En in hierdie dag wanneer teoloë preek, en vir mense sê dat Jesus net 'n mens was, dat Jesus net 'n—'n gewone profeet was, dat Hy nie Goddelik was nie, wel, dit sou die hele prentjie bederf! Hy was meer as 'n profeet, Hy was God wat afgekom het in vlees om konferensie en versoening te gee, was nie net 'n gewone man of 'n profeet nie, Hy was die God van die profete, en Hy het afgekom in vlees.

49 En toe, wys dit sekerlik, beslis in die begin, dat die eerste konferensie wat God met die mens gehad het, Hy Self gekom het, Hy dit nie aan iemand anders toevertrou het nie. Toe God afgekom het om die mens te verlos, het Hy dit nooit aan 'n profeet toevertrou nie, Hy het Self gekom, want Hy was die enigste Een wat dit kon doen.

50 En toe hierdie groot konferensie in Eden, waar God afgekom het, en, kyk na die natuur van die mens, dit wys dit vandag in die mens, in plaas van die mens wat probeer uitkom, en sê: "Here, ek het gesondig," steek hy homself iewers weg. En maak baiekeer, soos Adam het, vir homself 'n vyeblaargodsdiens, iets wat hy self gemaak het, een of ander geloofsbelydenis wat hy sou sê, en homself verberg.

51 Maar net soos dit was met Adam, so sal dit wees met elke mens wat op geloofsbelydenisse vertrou het. Daar sal 'n tyd wees wanneer jy by God staan, dat jou geloofsbelydenis en vyeblaargodsdiens nie jou sonde sal verberg nie. God het 'n weg gemaak, 'n voorbereide weg.

52 Voor Hy met Adam kon praat, Hy kon nie nakend met hom praat nie, en Hy het iets doodgemaak, iets moet sterf, en iets het gesterf om 'n bedekking te maak dat ons hierdie konferensie met God kon hou. God moes 'n sekere boom gekies het in die tuin van Eden, en Hy het Adam en Eva geroep, en daardie ou bebloede skaapvelle daarin gegooi, en gesê: "Dra hierdie hierbuite." Wat 'n konferensie!

53 En wanneer konferensie gehou word, word daar besluite geneem. Dan moet ons wat ons besluit ontvang, daarvolgens optree. God het die konferensie met Adam en Eva gehou en 'n besluit geneem, dat dit bloed was, dat dit God se geneesmiddel was, en dit nooit kan verander nie. Daar's geen kerk, geen geloofsbelydenis, geen mens, geen Engel, geen duiwel, niks anders kan dit verander nie. God het Sy voorsiende weg gemaak vir 'n sondaar om in Sy Teenwoordigheid te staan, dit was deur die gestorte bloed van die onskuldige.

54 En ons is almal gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, kom in die wêreld en vertel leuens. Ons kan net so min onsself red deur ons geloofsbelydenisse, ensovoorts, as wat ons ons stewelveters kon vashou en oor die maan spring. Ons is verlore, en daar's niemand van ons wat mekaar kan red nie, geen mens, geen profeet, geen priester nie, kos Jesus Christus, Wat God in vlees was, om ons te red, en Hy het die Offer gemaak.

55 Ek sien hom daar staan, Adam met sy groot, manlike liggaam wat 'n ware prentjie van gesondheid was. Toe ek hier in Griekeland was nie lank gelede nie, het ek 'n—'n foto gesien van een of ander onbekeerde verstand, 'n groot kunstenaar wat 'n skildery van Adam en Eva geskilder het. Dit was 'n klad op die mensdom. Eva het soos 'n dier gelyk, in plaas van 'n dame, groot hare wat eenkant afgehang het, en haar mond wat skeef gesit het, en een been groter as die ander een, en o, sy het verskriklik gelyk. Dis wat die begrip van die onbekeerde verstand is.

56 Eva was die mooiste vrou wat ooit op die aardbodem gewandel het, Hy het haar gemaak. Haar oë was soos die sterre in die hemele. En ek sien haar daar staan met 'n ou bebloede skaapvel om haar. God het daar by hierdie konferensie gewys wat Sy plan was vir die toekomstige verlossing van die hele wêreld. Kyk na Adam soos hy wegstap, daardie ou bebloede skaapvelle wat teen sy groot, manlike bene klap, en teen hare soos hulle Sy Teenwoordigheid verlaat het.

57 Dit was net 'n voorafskaduwing van 'n foto waarna ons nou ons kamera kon draai een oggend onder in Jerusalem. Ek kan by die venster uitluister en 'n geraas hoor. Wat is dit? Dis 'n priester wat sê: "Weg met so 'n man!"

58 Ek kan 'n vroutjie hoor uithardloop voor die skare, en sê: "Wat het Hy gedoen, behalwe om die siekes te genees, en die dooies op te wek, en verlossing te bring vir dié wat in gevangenskap was?"

'n Groot, wrede hand sou haar op die mond slaan, sê: "Sal julle na daardie vrou luister in plaas van na julle priester?"

59 'n Wrede Romeinse sweep wat Hom slaan. Dis soort van 'n aaklige prentjie, maar kom ons lig die blindings op en kyk. Ek hoor iets afstamp deur die straat, oor die keistene, ek het by die venster uitgekyk, en ek het 'n klein Mannetjie gesien met 'n wit

kleed, deurweef sonder nate, wat oor Sy skouers gelê het, 'n ou kruis gedra het soos dit stamp, in die straat afgaan. Sy skouers skuur rou, en soos ek opgelet het op Sy kleedjie is daar klein kolletjies oraloor, en daardie plekke, soos Hy teen die heuwel opgaan, word groter en groter, naderhand vloei hulle almal in een. Nou 'n groot, bloederige spatsel teen Sy bene. Wat was dit? Daardie tweede Adam, daardie Saad van die vrou.

60 Die by van die dood wat om Sy kop zoem soos Hy teen die heuwel opgaan, in die wete dat die duiwel binnekort, sekerlik, die wol oor sy oë getrek het daar.

61 Die duiwel het gesê: "Hoe kan 'n mens wat aanspraak maak om God te wees, hoe kan hy. . .? Ek het hom uitgedaag om 'n toertjie te doen, of een van sy toertjies voor my om brood te verander in, of, klippe in brood, hy het dit nie gedoen nie. Hoe kon hy staan, as hy 'n Profeet is, en 'n Romeinse soldaat 'n lap om sy gesig laat sit, en hom op die kop slaan met 'n stok, en sê: 'Nou, as jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het,' en stil sit? Hy's 'n bedrieër. Ek sal kom en hom steek met my angel van die dood. Ek sal hom nou kry!"

62 O, hoe hy misluk het! Toe hulle Hom aan die kruis gehang het, en daardie by om Hom gezoem het. . .As 'n by, of 'n insek wat 'n angel het, ooit steek en daardie angel diep anker, wanneer hy weggaan kan hy nooit weer steek nie, hy los sy angel in die vlees. Die dood kon 'n sondaar steek en wegkom, maar daardie keer het hy sy angel in Emmanuel se vlees gelos, en Hy het die angel uitgetrek.

63 Geen wonder Paulus kon jare daarna sê toe die by van die dood om hom gezoem het, "O dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Maar God sy dank, Wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

64 Die dood is oorwin, die by kan rondzoem, die by van die dood kan zoem, en sê: "Ek het jou," maar ons kan oorkant wys na 'n leë graf, en sê: "Dank sy God, wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

65 Hy kan 'n geraas maak, maar hy kan jou nie steek nie, hy het geen angel meer nie. Toe hy sy angel geanker het in die vlees van Emmanuel, God se vlees onder ons, het dit die angel uit die dood uitgetrek. Dit was God se idee by Sy eerste konferensie.

66 Die mens moet lewe, nie deur homself nie; hy moenie kom met sy eie mensgemaakte teorie nie, Hy het dit veroordeel; hy kon nie kom met 'n mensgemaakte geloofsbelydenis nie, hy moes deur God se voorsiende weg kom. Die konferensie is afgehandel, dit was al, dit was klaar. Die mens moet deur die offer kom.

67 Kom ons praat van nog 'n konferensie net vir 'n oomblik, daar was nog 'n konferensie, baie van hulle waaraan ons kon dink, maar ek sal net twee of drie tref, hier, vir 'n paar oomblikke. Laat ons dink aan die—aan die—die Brandende Bos Konferensie,

daar was eenkeer 'n Brandende Bos Konferensie. God se volk is onder na Egipte toe geneem.

68 En daar weet ons hoe Josef verkoop is, 'n volmaakte tipe van Christus, en hoedat ons hom elke Heiden rondom hom sien verdaag het om homself bekend te maak aan sy broers. Baie mooi prentjie van die dag waarin ons lewe, wanneer die Evangelie weer teruggaan na Israel, Jesus Homself sal bekend maak aan die Jood weg van die Heiden.

69 Toe, toe ons uitgevind het dat, na vierhonderd jaar van slawerny, (En die Egiptenare het daar opgestaan, en daar was 'n farao wat nie vir Josef geken het nie, en uiteindelik, 'n punt bereik het waar hulle gemaak is om streng te dien. Hoe die Egiptenare slawe van hulle gemaak, en hulle geslaan het, en hulle soos beeste aangejaag het!) God het 'n profeet verordineer om op te staan. Daardie profeet het weggehardloop, met 'n pragtige Ethiopiese meisie getrou, en 'n seun gehad, Gersom, en was tevrede om 'n klomp geld te erf van sy pa, Jetro, of, sy skoonpa, Jetro. En het sy kuddes aan die agterkant van die woestyn aangehou, toe die uitroepe van God se volk meteens voor Hom opgekom het. Daar moes iets gedoen word, God het onthou.

70 Ek is so bly Hy onthou. Hy het Sy verbond onthou, Hy het Eden onthou, Hy het Abraham onthou, Hy onthou elke Woord wat Hy ooit belowe het, alles wat Hy ooit gesê het, Hy's die oneindige God. Hy het dit alles onthou, en Hy het onthou Hy het Sy belofte gemaak.

71 Daar is net een ding vir God om te doen, dis om Sy Woord te hou. En om Sy Woord te hou, het Hy 'n profeet verordineer, maar hierdie profeet was 'n droster, buite in die wildernis, hy was 'n vlugteling, hy het uitgegaan in die woestyn, en gevestig. Maar wanneer God 'n man verordineer om iets te doen, maak nie saak hoeveel hy hardloop nie . . .

72 God het verordineer daar sou 'n Kerk wees in die laaste dae, daar kan duiwels opstaan, en demone, en skynheiliges, maar God sal daardie Kerk hê, omdat Hy gesê het Dit sou daar wees, Hy sal dit doen. Daar's niks wat sal . . . "God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig."

73 En toe, toe hy hierdie vlugteling van Hom gevind het, hierdie profeet Moses, daarbuite tevrede met 'n pragtige vrou en 'n familie, en wat sou ryk word, daardie Joodse hart, dit was goed genoeg vir hom, die las het hom verlaat, omdat hy misluk het in sy teologie en in sy intellektuele om die kinders van Israel te verlos, maar God het verordineer dat hy dit moes doen.

74 En alles wat God verordineer, sal gebeur. God gaan 'n Kerk hê, Hy gaan mense hê, Hy gaan iemand hê om Sy gawes te glo, Hy gaan hulle hê wat in tale sal praat, hulle wat sal uitlê, Hy gaan profete hê, en Hy—Hy gaan dit doen, want Hy het gesê Hy sou. God sal genesing en verlossing hê, en die Heilige Gees sal val, en

Hy is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig.

75 Ons, Baptis, Metodis, Presbiteriane, ensovoorts, kan dit weier soveel as wat ons wil, maar God sal daardie Kerk hê net so seker as wat Sy Woord so gesê het, Hy sal dit doen. Hy onthou elke Woord wat Hy gesê het, in die seisoen wat Dit sal voortbring.

76 Daar was Moses, tevrede, gereed om daaronder te bly, maar God het gedink: "Ek moet 'n konferensie hou met daardie profeet." So Hy het 'n sekere plek gekies. Laat ons dink dit was onder 'n ander bos, bo-op 'n berg. God het opgevaar, neergedaal uit die Hemele en daardie bos aan die brand gesteek, en Hy het Moses na 'n konferensie toe geroep. Moses het in sy swakheid begin pleit, maar toe hy God se heerlikheid gesien het, was hy gereed om te gaan.

77 Partymaal wanneer God se mense geroep word na 'n konferensie met God, waar hulle God ontmoet, jy weet, jy het dit in jou huis wanneer die baba word, tot die dokter uitstap, en sê: "Daar's geen—geen kans daarvoor om te lewe nie," jou pastoor sê: "Daar's so-iets soos Goddelike genesing," o, dit stop dit nie, jy's gereed vir 'n konferensie, en jy's 'n ander persoon wanneer jy met God praat.

78 Wanneer jy 'n afvallige seun het, of afvallige dogter en jy kan bid tot 'n punt, totdat jy God op die toneel bring, waar Hy jou sal ontmoet onder in die slaapkamer, daarbuite in die skuur, onder op die werf, waar dit ook al is, wanneer jy daardie konferensie met God het, word jy verander, iets het gebeur. En mense wat daardie konferensies met God hou, en hulle ontmoet, ontmoet God, hulle tree daarna dwaas op vir die wêreld.

79 Kyk watter lawwe prentjie, gelyk het vir Moses. Hier was 'n groot leër onder in Egipte, soos Rusland nou, die hele wêreld oorwin het, Egipte het, en hier is 'n ou man, tagtig jaar oud, wangbaarde reg af tot by sy gordel, grys hare wat teen sy rug afhang, tagtig jaar oud, die volgende oggend sy vrou op 'n muil gesit het met 'n kleintjie onder haar arm soos *dit*, 'n ou, krom stok in sy hand, wat afgaan, God prys so hard as wat hy kan gaan.

Sê: "Moses, waarnatoe gaan jy?"

80 "Ek gaan af na Egipte om oor te neem." Hoe onnosel! Hoe dit gelyk het vir die onbekeerde hart! Wat? Hy het gehad 'n... [Leë kol op band—Red.] ...God. God het jou beveel om dit te doen. Maak nie saak hoe dom dit lyk nie, God gaan dit doen, in elk geval.

81 Hoe dit is met 'n Pinksterman of vrou, hulle mag in tale praat, hulle mag hardloop met hulle hande omhoog, hulle mag allerhande soorte passies maak, en partymaal dink hulle selfs hulle is dronk of mal, maar hulle het 'n konferensie gehad. Maak nie saak hoe dit vir die wêreld gelyk het nie, God het dit in elk geval gedoen, so dit maak nie saak nie.

82 Het hulle nie op die Dag van Pinkster gesê: "Hierdie manne is vol nuwe wyn" nie?

Petrus het gesê: "Hulle is nie so nie, die kroeë is nog nie oop nie, maar *dit* is *dit*."

Wel, broer, ek het dikwels hierdie stelling gemaak: "As *dit* nie *dit* is nie, wil ek *dit* hou tot *dit* kom." *Dit* is *dit*.

83 En dan, as julle oplet, Moses op sy pad af na Egipte, 'n een-man inval, maar hy het dit gedoen omdat hy 'n konferensie met God gehad het. En God het hom opdrag gegee, en hom Sy heerlikheid gewys, en nie eens 'n volk kon in sy pad staan nie. Wanneer God 'n man ontmoet in 'n konferensie, en hom vul met die Heilige Gees, en sy siel aan die brand steek, gaan daar niks in sy pad staan nie, hy gaan af om oor te neem.

84 Die kinders van Israel op hulle pad terug, hulle het nog 'n konferensie met God gehad, Moses het by die Skelfsee, sal ons dit die Skelfsee Konferensie noem, toe daar probleme reg in die bestemde roete gelê het.

85 En luister Christene, daar is waar julle julle fatale fout sal maak. Daar is waar Israel haar fatale fout gemaak het, toe sy gevra het vir 'n wet om God mee te dien. In Eksodus 19, nadat genade klaar 'n verlosser voorsien het, Moses, 'n profeet, klaar 'n lam voorsien het, klaar 'n verbond voorsien, al hierdie dinge voorsien het, en tog wou hulle iets hê om self te doen, hulle wou bietjie teologie hê.

86 Dis wat die probleem is vandag. As ons Pinkster sou gelos het soos dit aan die begin was! Maar ons moes iets hê om oor te stry, ons moes Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Kerk van God wees, steeds, o, goeiste! Al hierdie ry op boggelrug kamele van een boggel, twee boggel, drie boggel, ensovoorts. Watter verskil maak dit wat, hoeveel boggels die kameel het, solank ons inry? Wat maak dit saak, of jy in 'n Ford of 'n Chevrolet is? Hou net aan beweeg.

87 Maar ons moes 'n denominasie hê, ons moes 'n eksodus hê, julle weet. Ons moes hê, 20ste hoofstuk van—van Eksodus, glo ek daar waar hulle 'n wet gegee het, moes ons iets hê wat ons kon doen om te wys dat ons Dr., Ph.D., LL.D., dubbel L.D. was. *So-en-so*, julle sien, hulle laat lyk soos die res van die wêreld.

88 Soos Israel weer haar fatale fout gemaak het toe sy Samuel, die profeet, geweier het, en Saul wou hê, die Koning. Samuel het hulle vergader, hy het gesê: "Het ek ooit enige van julle geld geneem? Het ek ooit enigiets vir julle gesê in die Naam van die Here wat God dit nie ondersteun het nie?"

89 Hulle kon nie 'n woord sê nie, gesê: "Ja, jy het nie ons kos en ons geld gevat nie, en alles wat jy gesê het is reg, maar ons wil steeds die koning hê. Ons wil wees soos die res van die wêreld, soos die Heidense nasies." Hulle het dit gekry.

90 Dis hoe ons maak. Ons kan nie die seëning los net soos dit is nie. [Leë kol op band—Red.] . . . vir almal.

91 Ons moet sê: "Nou, ons behoort aan *hierdie* kerk; ons behoort aan *hierdie* kerk," om op te tree soos die res van hulle. Pinkster is nie 'n organisasie nie, dit kan ook nie georganiseer word nie, Pinkster is 'n ondervinding vir: "Wie ook al wil, laat hom kom, dat hy kan drink van die Waters van die Here." Dis 'n ondervinding, die Heilige Gees wat lewe in Metodiste, Baptiste, Jode, en wat alles, proseliete, en Katolieke, en wat ook al. Dis 'n ondervinding wat ons ondervind wanneer ons 'n konferensie met God hou, daaroor praat met Hom.

92 So hulle het gekom op die bestemde roete reg teen die Skelfsee wat hulle pad versper het. Gewoonlik wanneer jy 'n konferensie met God hou, en iets begin doen, blokkeer die duiwel dit. Hy sal jou so siek maak dat jy nie kan opstaan nie, hy sal elke buurman van jou laat praat en jou 'n holy-roller noem, hy sal iets daaraan doen, en vir jou sê jy gaan soontoe om outyds te wees.

93 Laat jou hare lank groei, hy: "Jy—jy gaan 'n ou model wees, 'n oudtydse model. Die meisies met wie jy altyd brug gespeel het, sal nie dink jy is so mooi soos jy altyd was nie."

94 Watter verskil maak dit? Hou jy 'n konferensie met God, en jy sal in elk geval ophou brug speel. Dis reg. Dis reg.

95 Maar ons, sien, ons—ons wil soos die res van die mense wees, ons wil optree soos die Joneses. Ons vergelyk, verf jou trappe rooi, en kyk hoe die bure hulle s'n rooi verf. Koop jy 'n Chevrolet en spog daarmee, kyk hoe jou buurman sommer gou ontslae raak van sy Ford. Hy moet net optree soos jy, sien, jy moet optree soos hy. Julle wil soortgelyke ondervindings hê.

96 Ek het dikwels gesê ek gee nie om of my broek by my jas pas, my das by my hemp pas nie, ek wil hê my ondervinding moet pas by God se Bybel. Dis wat die Kerk behoort te doen. Wat hulle *toe* gedoen het, dis wat ek *nou* wil hê. Waarom 'n plaasvervanger neem wanneer die Pinksterhemel vol is van die egte? Waarom sou jy iets neem wat nie reg was nie? Neem die egte, want God is gereed om uit te stort Sy . . . "Die belofte kom julle toe en julle kinders." Preek daaroor môre-aand, as die Here wil, "Aan wie ook al wil, laat hom kom."

97 En reg op jou bestemde roete sal jy die blokkade tref. O, ek reken die hele natuur het net gebewe. Wel, kyk wat 'n ding, hier was Moses en Israel op die bestemde roete met die Vuurkolom wat hulle gelei het, en wat hulle reguit aflei in 'n strik.

98 God hou daarvan om Sy mense in strikke te laat beland, te kyk wat hulle sal doen. "Elke seun wat na God toe kom, moet eers beproef en getugtig word." Hy laat hulle daarin beland. Hy bring jou hiernatoe, Hy plaas jou tussen opinies: "Nou, kan dit verstandstelepatie wees? Kan dit wees . . . ?" Sien? Hy plaas jou in 'n strik, om te sien watter soort besluit jy gaan maak. Dis reg.

"Ondersoek die Skrifte," het Jesus gesê: "Dit is Hulle wat van My getuig." Dis reg. Nou, God laat dit so raak.

99 Nou, Hy het Israel reg in die strik ingebring, berge en woestyne aan beide kante, Farao se leër wat agtervolg, duisende strydwaens en spiese. En 'n klomp nederige, klein, arm slawe wat nie met niks bewapen is nie, afgekom het na die Dooie See, of die Skelfsee, liewer, reg af tot op sy walle, en hier het die stof van die strydwaens gekom, en hier was die berge aan weerskante, geen manier nie, gelyk asof God 'n slegte militêre Man was, Sy volk nie kon laat terugval nie.

100 Partymaal doen Hy dit, Laat die dokter wegstap, en sê: "Jy gaan nie lewe nie, jy gaan sterf. Daardie kanker gaan jou doodmaak. Jy sal nooit opstaan uit daardie stoel nie." Hy, lyk asof Hy jou nie kan laat terugval nie, maar jy kan terugval op Hom, terugval in Sy arms. O God!

101 Hy's my Toevlug, Hy's my Sterk Toring. "Die Naam van die Here is 'n Sterk Toring, die regverdige hardloop Daarin, en word beskut." Die torings van toevlug. Hy is ons Toevlug. Geen ander toevlug het ek behalwe Hy nie, ek wil nie enige ander toevlug ken nie, Hy's my Toevlug. "Hy's 'n Rots in 'n dorsland; 'n Skuiling in die tyd van storm."

102 Onthou die eerste keer wat ek ooit in tale gepraat het, ek het gepreek by die Milltown Baptiste Kerk, en ek het daarbuite gepreek, en ek het goed opgewerk geraak, en al daardie Baptiste wat daar na my gesit en kyk het, en die Heilige Gees het op my gekom, en ek het uitgespring in die middel van die paadjie en begin praat in tale. Ek het gedink: "Wel, wat gebeur nou?" Ek het nog nooit enigiets daarvan geweet nie, en toe ek begin teruggaan het, het ek my lippe dit hoor sê: "Ek's die Rots in 'n dorsland, die Toring, uh, Toevlug in 'n tyd van storm."

103 O, hoe ek gewonder het! En almal wat na mekaar kyk soos ganse op 'n werf, gekyk het soos *daardie*, en ek het dieselfde gevoel, want ek het nie geweet nie, maar ek weet iets het binnein my gebeur. O, ek het 'n Toring, 'n Skuilplek, gevind. Ek wou nog nooit enigiets anders hê van toe af, behalwe daardie plek, daardie geseënde Skuilplek nie.

104 Reg op die bestemde roete, reg onder die vuur van die vyand, daar was hulle. Gelyk asof die hele natuur vir hulle gebewe het. Wat is die tyd? Wat's die—wat's die Christelike prosedure? Wat is die ding om te doen in daardie soort tyd? Hou 'n konferensie. Dis reg. Wanneer die kerk by 'n punt kom waar *hierdie* een *dit* doen, en *hierdie* een *dit* doen, en alles onderstebo, moenie die kerk verlaat nie, hou 'n konferensie, hou 'n biduur iewers.

105 Moses het 'n plek gekies, ek sou sê, laat ons dink dit was reg agter daardie Rots, hy het daar oorkant gekom, en gesê: "Here God," iets soos hierdie: "Here God, Groot Jehova, Wat my ontmoet het in die brandende bos, daardie ondervinding het my

nooit verlaat nie, en ek het alles gedoen wat U vir my gesê het om te doen, ek staan op my pos, ek het U mense hier uitgebring soos U gesê het. Oorkant hang daardie Vuurkolom, daar staan Farao se leër, hier is die berge en die Dooie See. Wat moet ek doen, Here? Moet ek myself oorgee aan Farao? Wat moet ek doen? Ek wil U hê.”

106 Ek kan sien dat Engele op elke rots begin sit, oral rondom. O, wat ’n konferensie! Naderhand het die Gees van die Here . . . Ek kan daardie Vuurkolom sien oorbeweeg. Wat was dit? Daar is ’n besluit geneem. “Wat gaan jy doen? Opgee, teruggaan en weer probeer? Teruggaan in die denominasies, en die wêreld?” Nee, meneer. Hy het gesê . . . [Leë kol op band—Red.]

107 God gaan nooit agteruit nie. Nooit vir Sy mense vertel om terug te gaan na wat Moody gesê het, wat Sankey gesê het, wat Finney gesê het nie. Gaan vorentoe! Amen.

108 Die probleem daarmee is vandag, wetenskap gaan God vind voor ons dit vind. Hulle soek in die sfere, en het die leuenverklikkers, en dinge, en hulle kan bewys dat daar ’n krag is. Julle sien dit nou die dag in—in die *Look* tyds- . . . , nee, dit was in *Reader’s Digest,* dink ek, waar hulle die geneser geneem het, en onder in, dit was oorkant in Engeland, het hulle die kerke oopgemaak vir wat hulle die geneser genoem het, en omtrent tagtig persent meer mense is genees as wat medisyne ooit in Engeland genees het.

109 Was dit *Newsweek*, Gene, of wat was dit? Onthou jy? *Reader’s Digest*. Goed. Hulle het die geneser geneem om te kyk of daar enigiets van hom af gekom het. Sy hand onder x-straal gesit, en hom laat bid, ’n stuk loodfoelie gesit om uit te vind of dit net sy hand was, of, of daar ’n krag was . . . [Leë kol op band—Red.]

110 Kom ons kyk wat Sankey daarvan gesê het, wat Moody gesê het, wat Knox, Calvyn, of iemand anders daarvan gesê het. Dis alles reg. Hulle was—hulle was God se mense in daardie dag, maar ons beweeg aan. Wetenskap kan net *so*- . . . [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . .

111 “As jy vir hierdie berg sê: ‘Word opgehef,’ en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het.” Wat dit ook al is, laat dit wees. Onontginde hulpbronne!

’n Man het gesê nie lank gelede nie, gesê: “Ek—ek wil God nie pla nie, jy weet, ek—ek weet Hy’s baie besig.”

Onsin.

“Ek—ek wil nie . . . ”

112 Wel, jy kan nie Sy oorvloedige seëninge uitput nie. Kan julle julle voorstel ’n vissie omtrent ’n half-duim lank, buite in die middel van die Stille Oseaan, wat sê: “Ek beter spaarsamig van hierdie water drink, want dit kan opraak”?

113 Kan julle julle voorstel ’n klein muisie omtrent *so-groot* onder die groot skure van Egipte, wat sê: “Ek beter eet, myself rantsoeneer hierdie winter tot net twee korrels per dag, dit kan opraak voor die nuwe oes”?

114 Dis belaglik. Wel, dis twee keer so belaglik, ’n duisend keer meer, om te dink jy kan die genade van ’n genadige God uitput. Wel, Hy probeer Sy pad in jou inforseer. “Vra oorvloediglik dat julle vreugdes volkome kan wees.” Geen manier om Hom uit te put nie.

115 Soos ’n pomp, hoe meer jy pomp, hoe varser word die water. O, ek hou daarvan! Hou net aan pomp. “Lewe by die tuit waar die Heerlikheid uitkom.” Ek hou daarvan.

116 Nou, Moses het na die Here geroep, en die Here het gesê: “Staan op en gaan vorentoe.” En toe Moses reguit gegaan en met sy voet in die water getrap het, toe dit plaasgevind het, het die Skelfsee oopgegaan, en Israel het oorgegaan na ’n groot oorwinning; hulle het ’n konferensie gehad. Dis hoe ons altyd moet maak, is om konferensies te hou.

117 Nou, ek wil sommer gou van nog een praat. Daar was ’n konferensie, daar’s baie van hulle waarvan ons kan praat, maar laat ons net nie by hierdie een verbygaan nie, daar was eenkeer ’n Getsémane Konferensie. Wanneer, dit gehou moes word nadat ’n oorwinnende lewe siekte verslaan het, alles in die wêreld verslaan het, Hy het na Getsémane toe gekom, en Vader moes nagaan om te sien of Hy regtig daardeur wou gaan of nie.

118 Toe Hy Sy dissipels gelei het, en hulle almal vaak geword, en gaan lê en aan die slaap geraak het, maar Jesus het net ’n bietjie verder gegaan. Hy doen dit altyd, gaan jy net ’n deel van die pad, en kyk hoe Hy ’n bietjie verder gaan, die heelpad, Hy gaan die heeltyd voor jou uit, die weg te baan. Hy het net ’n bietjie verder gegaan, en toe Hy daar uitgekom het, het hy neergekniel langs ’n rots.

119 Laat ons net dink, ek kan Gabriël sien afkom, Sy groot swaard wat langs Sy sy staan, ek kan Alsem sien, ek kan die ander groot Engele sien land op die rotse rondom. Wat was dit? ’n Konferensietafel wat gedek word.

120 Toe het die Heilige Gees van God, soos ons sien op die foto van Getsémane, daardie Lig, wat God Lig is, El, Elohim, die Selfbestaande Een, toe Hy afgekom het in Sy Teenwoordigheid, “Wil jy daarmee aangaan, Seun?” Wat? Die Engele luister. Wat gaan die resultate wees? “Die hele wêreld rus op Jou skouer. Wil Jy die prys betaal, of wat wil Jy doen? Jy kan nou reguit aankom sonder die dood. Daar lê Gólgota voor Jou, daar sal hulle in Jou gesig spoeg, en hulle sal Jou na Gólgota toe neem, al hierdie dinge, Jy sal sterf in pyn met ’n kroon van dorings op Jou kop, en Jou Bloed sal uitloop. Is Jy gewillig?”

121 Laat ons sien wat die konferensie, wat die eggo gaan wees? Al die Engele staan rond, en wonder: "Wat gebeur nou?"

122 Die besluit word geneem. Wat is dit? "Nie My wil nie, maar U wil geskied." O, die Engele het hulle seëninge ontvou, en Hom toe begin bedien, Hom voorberei vir daardie groot uur. 'n Konferensie is gehou, 'n besluit is geneem, ek is so bly oor daardie besluit.

123 Hoe kan my klein, klein besluitjie, of ek Hom sal dien of nie . . .? Sondaarvriend, hoe sou jou—hoe sou jou besluit vanaand wees, God, wat aan jou hart klop wanneer so 'n besluit vir jou gemaak is? Wat is jou antwoord op Sy pleidooi? "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle rus gee." Wat sou jou antwoord op daardie besluit wees? Wat sou jou antwoord wees? God hou net nou 'n konferensie met jou.

124 Wat van jou, siek man, of vrou? God hou 'n konferensie met jou. "Sal jy My ontvang? Sal jy My Woord glo? Jy sien My in krag en aksie, jy hoor My praat deur hierdie sterflike lippe van mans en vroue, wat hulle lewens aan My oorgegee het, en Ek het belowe toe Ek opgevaar het na Bo, Ek sou gawes aan mense gee." Hy het dit belowe. "Julle sien My Woord vervul, as Ek dit hou, hou Ek My hele Woord."

125 'n Konferensie word net nou gehou, Hy hou dit met jou. Jy moet 'n besluit neem, God wag vir jou antwoord. "Ek sal U dien, Here. Ek wil die Heilige Gees hê." Of: "Ek wil Dit nie hê nie, ek wil Dit nie hê nie, vat Dit weg." "Ek glo U het my genees, Here."

126 God wag om te hoor wat jou besluit is. Jy's die een wat dit moet maak, Hy het klaar Syne gemaak, Hy het bewys dat Hy Syne gemaak het. Nou moet jy joune maak, Ek moet myne maak, hierdie kerk moet syne maak, ons moet almal ons besluit maak. Wat sal jy daaraan doen?

127 Getsémane, toe Sy dood, begrafnis, opstanding. Daar is nog 'n konferensie gehou, laat ons net vinnig daarby kom na hierdie konferensies. Ons sal binne 'n oomblik afsluit. Daar is eenkeer 'n Pinksterkonferensie gehou. Die mense wat saam met Jesus gewandel, en Hom hoor praat het van die seëninge, en, o, belowe het dat die koms van die krag, God het vir hulle gesê voor Hy die aarde verlaat het, het Hy gesê: "Hou op preek, moenie meer liedere sing nie, laat ons nou nie enigiets anders doen nie, Ek wil hê julle moet gaan na die stad van Jerusalem, en Ek wil hê julle moet daar wag, want ons gaan 'n konferensie in die Heerlikheid hou. Ek, en Vader, en al die Engele gaan 'n konferensie hou, en ons gaan die besluit neem. Wag julle daarbo, Ons sal julle vertel hoe die Kerk bestuur moet word."

128 Ek kan die apostels hoor sê: "Wel, ons sal waarskynlik 'n paar biskoppe en hoëpriesters hê, en ons sal al hierdie dinge hê, julle weet. So, ons sal net opgaan en wag en kyk wat die besluit is. Ons sal sien of ons veronderstel is om organisasies te hê, of die biskop

dit gaan bestuur, of die pous dit gaan bestuur, of, of een of ander groot man dit gaan bestuur, ons sal sien wie Hy kies. Wonder of ek die grote sal wees."

"Wonder of ek die grote sal wees."

Die ander een het gesê: "Ek sal oor dit alles wees."

"Wel, Hy het my geseën. Hy het op my skouer geleun. Hy het *hierdie* gedoen."

129 O, goeiste! Het hulle tien dae geneem om gereed te maak daarvoor, terwyl hulle hiervoor gewag het, toe het hulle almal eendragtig geword. Dis hoe ons vanaand maak. Dis wat ons behoort te doen by hierdie konferensie. Al julle Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, Katolieke, en wat julle ook al is, ons behoort almal eendragtig te wees, in afwagting om die antwoord te hoor. En na die . . .

130 Die glorierykste plek waar dit gevestig kon word, was in Heerlikheid. God het afgekom, en die konferensie is gehou, hoe die Kerk bestuur moet word. Moet dit bestuur word deur biskoppe, deur organisasies, deur 'n paar meganiese toestelle? Hoe moet dit bestuur word? En hulle was 'n honderd-en-twintig almal in die bo-kamer wat gewag het.

131 Goed, die antwoord het gekom: "En skielik het daar 'n priester in die pad opgekom, sy kraag omgedraai aan die agterkant, 'Lek uit julle tong en ontvang die heilige eucharistie.'"

Dit klink onnosel.

"O, nee, dis verkeerd. Die biskop het afgekom, en gesê: 'Nou wag 'n bietjie, ons kan nie staan vir hierdie dinge nie."

Nee, nee.

132 "Maar skielik het daar 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n geweldige rukwind." Nie die pastoor wat sê: "Gee my die regterhand van gemeenskap, ons sal jou vir ses maande beproef nie." Nee, meneer. "Daar het 'n geluid gekom," nie uit 'n kweekskool nie, maar: "uit die Hemel soos 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het." En daardie groot Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, die ou Israel, deur Israel het Homself afgesonder en Vuurtonge het op elkeen van hulle gesit, God wat Homself verdeel in die Kerk, *een* om profeet te wees, *een* om apostel te wees, *een* om in tale te praat, die *ander* om iets anders te doen, God wat Homself verdeel.

133 Een God het in drie ampte gewerk, een God wat die Vaderskap genoem; dieselfde God het gewoon in 'n Man genaamd Jesus, genaamd die Seun; nou is Hy in Sy Kerk, wat die Heilige Gees genoem word, wat Homself verdeel het in Sy universele Liggaam. Halleluja! Die mistieke Liggaam van Jesus Christus wat gebore is uit die Gees van God!

134 Daarom, soos dit gesê is deur die, deur ons rabbi broer, vanmôre, ons dierbare, oor eenheid saam, ons is nie verdeeld nie. Die duiwel probeer ons verdeel deur sy meganiese toestelle, deur te sê: "Ek behoort aan die Gemeentes. Ek behoort aan die Eenheid. Ek behoort *hieraan*. Ek behoort *daaraan*." Maar ons is nie verdeeld nie. God gee hulle die Heilige Gees wat Hom gehoorsaam, en albei kante het die Heilige Gees ontvang. Wie het Hom gehoorsaam? "Ons is nie verdeeld nie, ons is almal een Liggaam." Dis ons konferensie doel. Ons is nie verdeeld nie, ons is een Liggaam.

135 Die Heilige Gees, God wat Homself verdeel, seuns en dogters maak, wat op hulle gesit het, daardie Vuurkolom het Homself verdeel: "En 'n Vuurtong het op elkeen van hulle gesit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en het begin praat in ander tale, soos die Gees van God hulle uiting gegee het."

136 Daar het biskoppe, aartsbiskoppe, pouse, ensovoorts in Jerusalem gewoon, groot manne, alle nasies onder die Hemel, en toe die raad bymekaar gekom het, en hulle gesê het: "Wel, hierdie manne is almal vol nuwe wyn."

137 Petrus het opgestaan in hulle midde, en gesê: "Hulle is nie dronk, soos julle veronderstel hulle is nie, siende dat dit die derde uur van die dag is. Maar dit is dit waarvan gespreek is deur die profeet Joël," Joël 2:28: "'En dit sal gebeur in die laaste dae, sê:'" laaste dae meervoud, twee dae, laaste tweeduisend jaar, "'sê God: "Ek sal My Gees uitstort op alle vlees,"'" Jood, Heiden, Griek, slaaf of vryman, manlik of vroulik, "'"Ek sal My Gees uitstort op alle vlees, en hulle sal profeteer, My seuns en dogters. Ek sal tekens toon bo in die hemele en op die aarde hieronder, Vuurkolomme en rookdampe."'"

138 Gesê: "Laat ek vrylik met julle praat van die aartsvader Dawid, want Dawid het gesê: 'Die HERE het aan my Here gesê: "Sit aan my regterhand, Ek sal die vyande maak, voetbank." En my vlees sal rus in hoop, want U sal my siel nie in die doderyk laat nie; ook sal Hy Sy Heilige nie verderwing laat sien nie.'

139 "Laat ek met julle praat van die aartsvader Dawid, want hy is beide dood en begrawe, en sy graf is vandag by ons. Dawid is beide dood en begrawe," en het hulle vertel van wat hulle gedoen het. Maar gesê: "Hierdie selfde Jesus, Wat julle deur bose hande gekruisig het, God het Hom beide Here en Christus gemaak." Amen.

140 Verskoon my. Ek het nie bedoel om rond te loop nie, miskien het Iets my laat loop. In elk geval, ek het my loopskoene aangetrek. O, goeiste! Ek wil eendag 'n reis onderneem soos Henog en reguit opstap.

141 Gestaan in Broer Outlaw se kerk nie lank gelede nie in Phoenix, Arizona, hulle het 'n lied gesing, "Ons gaan op, op; op, op, op." Naderhand het ek gedink ek is weg. Gesê:

"Die eerste sport," die leer geklim, gesê: "Die eerste sport was regverdigmaking; die tweede sport, heiligmaking; die derde sport, verheerliking; toe het die Heilige Gees neergedaal. Ek het begin, op op; op, op, op; op, op, op; op, op, op tot ek daardie Wit Melkweg getref het."

142 Ek het gedink: "As ons enigsins hoër gaan, gaan ons reguit van hierdie kerk af gaan!" Dis wat ons vandag nodig het, is om daardie Melk Wit Weg na Gólgota te tref, opkom in die krag van die Heilige Gees, ons geloofsbelydenisse en verskille opsy sit, begin op, opgaan; op, op, op. Dis wat ons moet doen, opgaan.

143 Dit was die Pinksterkonferensie. Hulle het Goddelike genesing begin preek, die krag van die Heilige Gees. Petrus het vir hulle gesê wat om te doen op die Dag van Pinkster, gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle."

Hulle het gesê: "Wat kan ons doen om dit te ontvang? Hoe kan ons gered word?"

144 Petrus het gesê: "Bekeer julle en word elkeen van julle gedoop, in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte is aan hierdie geslag, en dis al, die dae van wonderwerke sal ophou." Dit mag in die ou *Dames Verjaarsdag Almanak* wees, maar dis nie God se Bybel volgens Handelinge 2 nie. Dis reg.

145 Hy het gesê: "Die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Dis God se besluit, dis Sy konferensie.

Toe hulle gesê het: "Wat gaan ons doen?"

146 O, die brein van die Kerk en die krag van God het bymekaargekom. Die krag van God het gesê: "Hierdie belofte kom julle toe, en julle kinders, hulle wat daar ver is, soveel as wat die Here onse God sal roep." En solank Hy steeds roep, Sy konferensiebesluit steeds aan elke vereiste voldoen, sal Hy Sy Gees uitstort. Solank God steeds sondaars tot bekering roep, het Hy die Heilige Gees om in hulle uit te stort.

147 "Belofte kom julle toe, en julle kinders. Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." O, goeiste! "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien," kyk na daardie konferensies: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Wat 'n konferensie!

148 Toe het hulle uitgegaan, Petrus en Johannes, onkundig en ongeleerd. Ek kan bewys hulle was Pinkster, hulle het die Pinksterseëning gehad, op 'n ander manier, hulle het nie enige geld gehad nie. Hulle het na die Skone poort gegaan, en daar het 'n man gelê, kreupel van sy moederskoot af, en hulle het gesê . . .

het sy bekertjie uitgehou vir ’n aalmoes. Daarnatoe gekyk om te sien of hierdie, hierdie kêrels soos here gelyk het, hulle hom iets kon gee.

149 Nou, hier is wat bewys hulle was Pinkster, gesê: “Silwer en goud het ek nie, maar dit wat ek het!”

150 O, broer, vat jou silwer en goud en gee my *daardie*; vat al jou kweekskool teologie en gee my *daardie*; neem al jou geleerdheid en al jou hoogdrawendheid en gee my *daardie*, want dis net *daardie* wat jou sal op, op neem; op, op, op.

151 Hou ’n konferensie, God het gesê jy kan dit hou: “Wie ook al wil, laat hom kom.” Op gaan.

152 “Wat ek het, gee ek vir jou,” geloof. “In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop.”

153 Hy het nie daaroor gewonder nie, sy arms uitgesteek en hom opgetel en hom daar gehou totdat sy enkels ’n bietjie sterker begin word het, ’n bietjie sterker. Hier het hy begin loop, toe begin hardloop, toe begin spring. Hy was ook Pinkster, toe, ja, hy was ’n holy-jumper. En hy het daar afgegaan en net gespring, en rondgeloop, en God geprys. As dit nie Pinkster is nie, het ek nog nooit een gesien nie.

154 Ek kan vir julle bewys dat Israel Pinkster was. Toe hulle oorwin het en die slawedrywers gesien het, soos julle oorwin het, die whisky gesien het, die sigarette, en al die ander dinge wat agter jou lê, dood in die skelfsee van die Bloed van Jesus, weet jy wat gebeur het? Moses het gesing in die Gees, Miriam het ’n tamboeryn geslaan, en al die dogters van Israel het tamboeryn geslaan, op-en-af gehardloop langs die oewers en gedans in die Gees. As dit nie ’n Pinksterdiens is nie, weet ek nie wat een is nie.

155 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: “Broer Branham, jy verkondig hierdie nuwe soort verlossing, nie waar nie?”

Ek het gesê: “Nee, meneer.”

Gesê: “Het jy nie bietjie van hierdie nuwe verlossing nie?”

Ek het gesê: “Nee, ek het ’n *nuwe* geval van die *ou* verlossing.” Dis reg. Ek het gesê: “Hierdie is die oudste wat daar is.”

Gesê: “Wanneer is dit georganiseer?”

Ek het gesê: “Voor die wêreld ooit gegrondves is.”

Gesê: “Hoe kom jy daar?”

156 Ek het gesê: “Job 7:27 het gesê: ‘Waar was jy toe Ek die grondlegging van die wêreld gelê het, toe die môresterre saam gesing, en die seuns van God gejuig het?’”

157 Wel, hierdie outydse, opregte, hemelblou, sonde-dodende godsdiens, uitroepe, wel, goeiste, dis ouer as die Bybel, dis ouer

as die heuwels, dis ouer—dis ouer as die aarde. Dis nie nuut nie, dis iets ouds, is net ’n nuwe geval daarvan. Moenie *teen* dit ingeënt word nie, kom *na* dit.

158 So toe, hulle was net soos, gewoonlik, het jy die koerante wat almal begin kritiseer of wat dit ook al was, en hulle—hulle het hulle ingetrek voor die Sanhedrin Raad, en hulle het ’n konferensie gehou, die wêreld het ’n konferensie gehou, soos die Geneva, ensovoorts, hulle het gesê: “Wat gaan ons met hierdie manne doen?”

159 Gesê: “Hulle kan uitgaan en preek, maar moenie daardie naam Jesus gaan noem nie. Julle moenie meer in daardie naam preek nie.” Hulle het hulle geslaan en hulle gedreig, gesê: “As ons julle ooit weer Jesus hoor noem, gaan ons iets verskrikliks aan julle doen.”

160 Petrus en Johannes het daardie oggend uit die tronk uitgestap, uit die konferensie, en hulle het soontoe gegaan, en gesê: “Weet jy wat? Ek dink ons beter ’n konferensie hou.”

161 So hulle sou nog ’n konferensie hou, nou, laat ons dit die Handelinge 4 Konferensie noem. In Handelinge 4 het hulle almal bymekaargekom, en hulle het verskillende ondervindings vertel, en hulle het ’n konferensie gehou, en hulle het op hulle knieë gegaan, en ’n konferensie gehou. Hulle wou God aanroep om te vra wat hulle kon doen. Moet hulle terugstaan, of moet hulle, of, wat moet hulle doen? Behoort hulle Goddelike genesing te preek? Moet hulle toegee? Wat moet hulle doen?

162 En hulle het begin bid soos hierdie, almal eendragtig, nog ’n Pinksterdiens. Almal eendragtig, Ek stel my voor dit was ’n geraas. Dink julle nie so nie? Almal wat sê: “Waarom woel die heidene? Waarom bedink die volke nietige dinge? Waarlik, hulle strek uit van U Heilige Kind, Jesus, Sy hand om die siekes te genees.” En toe daardie konferensie gehou is, en hulle begin uitroep het tot God, het die antwoord gekom.

“Kêrels, julle moet miskien versigtig wees, julle mag in die tronk beland. Julle beter dit soort van rustig vat.”

Hoor julle wat die Gees vir daardie sendeling gesê het ’n rukkie gelede? “Daar’s niks van om dit rustig te vat nie.”

> Moet ek Huis toe gedra word Hemel toe
> Op ’n blombesaaide bed van gemak,
> Terwyl ander geveg het om die prys te wen,
> En seil deur bloederige seë?

163 Wat verwag ons? Om huis toe gedra te word op ’n mandjie blomme? Laat my veg, laat ek ’n paar littekens wys.

164 Terwyl ek ’n artikel gelees het, of, ’n klein digterboekie, wat gesê het dat Caesar sou vra, en hy sou in ’n groot strydwa ry, en hy wou van sy soldate hê, ’n eerbare soldaat om saam met hom af te ry deur die strate van hierdie groot jubileum. En al

die krygsmanne het hulle pluime geknip, en hulle skilde en hulle helms gepoleer, gereedgemaak om by Caesar verby te gaan, en, om te hersien om te kyk wie hy sou kies om saam met hom te ry in hierdie groot parade, en gesê al sy krygsmanne wat perfek geloop het, reguit, verbygeloop, en gestaan het met hulle saluut.

165 En gesê die heeltyd het Caesar na elkeen gekyk soos hy verbygekom het. Gesê, na ’n rukkie het ’n ou klein soldaatjie, kreupel in sy arms, met littekens oor sy hele gesig, en alles, verbygeloop, en hy het skaam gevoel vir homself, en soort van sy hoof gebuig, en weggegaan, Caesar het gesê: “Wag ’n bietjie. Wag ’n bietjie daar! Kom terug hiernatoe.”

Die soldaatjie het nadergestap en op sy knieë geval, en hy het gesê: “Ja, groot Keiser?”

Gesê: “Waar het jy daardie litteken gekry? Waarom is jy so vol littekens?”

Hy het gesê: “Ek het hulle op die slagveld gekry, in gevegte vir my Keiser.”

Hy het gesê: “Sit jy hier langs my, jy het die rit verdien.”

166 Ek gee nie om of ek ’n D.D., Ph.D., of dubbel L.D. is nie, ek wil ’n paar littekens hê om te wys dat ek in die stryd was. Dis wat Christene behoort te doen, julle moenie die bloemryke, maklike dinge kies nie.

> Ek sal die weg neem saam met die Here se paar veragtes,
> Ek het begin saam met Jesus, O Here, neem my deur.

167 Byna dertig jaar op die veld nou, te ver gegaan om terug te draai, wil aangaan. Wat ook al die einde is, dit lê in God se hande.

168 Hulle het ’n konferensie gehou, en toe hulle klaar gebid het, het die Bybel gesê, het die gebou werklik geskud waar hulle saam vergader was, en hulle het die Woord van God met vrymoedigheid gepreek.

169 Nou nog een konferensie, ons sal afsluit. Dis die konferensie. . .Julle mag dalk nie die Geneefse Konferensie bygewoon het nie, julle mag nie enige van hierdie konferensies bygewoon het waarvan ons gepraat het nie, maar hier’s een wat julle gaan bywoon, dis die Oordeel. Julle gaan die Oordeelskonferensie bywoon, julle gaan daardie een moet bywoon. Of julle nou gereed is, of, of julle nie is nie, dis ’n konferensie waarnatoe ons almal kom, want die Bybel het gesê: “Dit was eenmaal bestem vir die mens om te sterf, daarna, die Oordeel.”

170 En ons kom elkeen daar, so jy beter genade vind voor jy begin, dat dit mag wees, want daardie Dag gaan dit te laat wees, jy kan nie dan genade vind nie. Dit gaan ’n—’n konferensie van oordeel wees, en elke siel gaan daar wees om te antwoord vir die dade

wat jy in hierdie lewe gedoen het. En jy gaan daar wees net so seker as wat God die Bybel geskryf het, as wat God die Hemele en aarde gemaak het.

171 Vriende, so seker as wat ons in hierdie gebou is vanaand, en meer seker, gaan julle daardie konferensie bywoon. En jy gaan vra vir genade, maar jy sal nie genade ontvang nie, hierdie is die dag wat jy genade ontvang. Maar die tyd sal dan kom by die konferensie dat jy geoordeel sal word, nie met genade nie, maar deur 'n kwaai God, in Sy toorn. "En as 'n regverdige man kwalik gered word, waar sal die sondaar en goddelose verskyn?"

172 Laat ek julle wys hoe naby ons aan daardie Oordeelskonferensie is. Het julle opgelet? In die ander konferensie, waarvan ek wil praat net 'n sekonde, dit net kortliks aanraak, het hulle 'n konferensie hier gehad nou die dag, ek weet nie of julle dit weet of nie. Wat die . . . Party mense, ons—ons—ons wat in voeling is met God, ek dink ons behoort ons mense in te lig oor wat aangaan.

173 Julle onthou daardie konferensie wat hulle nou die dag gehou het waar Khrushchev sy skoen uitgetrek en dit teen die . . .? Het julle dit begryp, wat dit was? Sien? Onthou, daar was vyf oosterse, kommunistiese nasies verteenwoordig daar, en vyf westerse, vrye nasies daar verteenwoordig.

174 Let op, Daniël het 'n visioen gehad, die kop van goud was Babilon, kyk hoe dit afkom, kyk, neem die geskiedenis in die Bybel. En die volgende was die—die bors van silwer *hier*, Mede-en-Perse, die volgende was koper. Elke keer het dit moeiliker en moeiliker geword, en dit het gewys dat die Heidense beeld nie kon staan nie, want goud is die swaarste van hulle almal, en dit was te swaar bo, dit kon nie staan nie. En elke keer van . . . Die goud was die sagste, dan is silwer volgende, en dan koper volgende, en dan was yster volgende. Elkeen van daardie koninkryke het mekaar opgevolg, net presies soos die Bybel gesê het hulle sou maak.

175 En let op, hy het toe gesê aan die eindtyd, voor die klip uit die berg gekap is, die beeld tien tone gehad het. Nou, dit sou vyf aan elke voet wees, twee groottone, vier, en die vyf wat saam staan. En so verre jy gesien het dat hulle gemeng was met yster en klei, onthou nou, dit was die Heidense koninkryk, enigiemand weet dit, dat hulle yster en klei was, hulle wou nie meng nie, insoverre wat yster en klei nie sal meng nie, sal hierdie ook nie meng, of saambind nie, hulle kan nie oor die weg kom nie.

176 Nou, het julle opgelet? Het julle geweet wat die naam *Khrushchev* in Rusland beteken? "Grond of klei." Hy was die, aan die hoof van *daardie* koninkryke. Weet julle wat *Eisenhower* beteken, die kop *hiervan*? "Yster." Yster en klei, en hulle kon nie meng nie. Hy het sy skoen geneem en dit geslaan op die . . . Daar's

geen vermenging nie, hulle kan nie meng nie, hulle sal nie aan mekaar kleef nie.

177 Sien julle, vriende? Die volgende ding wat oor is, is die klip om uitgekap te word, die Koms van die Here, om in hierdie beeld in te rol en dit in stukke te breek, en al hierdie koninkryke sal gemaal word, en weggewaai soos die kaf op 'n somer se dorsvloer. Ons is aan die eindtyd, broer, suster. Kan julle nie sien waar ons is nie?

178 Luister, SO SPREEK DIE HERE: Bekeer. Ek voorspel drie gordyne, in die Naam van die Here, daar is een wat die ystergordyn genoem word, wat Rusland sal wees; hou rooi China dop, dit sal die bamboesgordyn wees; hulle is verskriklik, maar hou daardie pers gordyn dop wat opgaan in die Verenigde State en oor die wêreld, die Romeinse Ryk, die wreedste van hulle almal.

179 Onthou, in die Naam van die Here: Kom weg daarvan! Kom weg van enigiets wat daaraan verbonde is, vlug na die Rots, want die Koms van die Here is op hande. Ons het 'n konferensie nodig. Ek het 'n konferensie nodig om hierdie dinge met God te bespreek. Die Kerk is aan die einde van Haar pad.

Kom ons bid.

180 Here, O God, ons weet die koms is naby. Hierdie was 'n warm plek in my hart, Shreveport, Here. Ek—ek dank U net vir hierdie oop deurtjie, steeds; vir 'n volk, steeds is daar die voorreg wat ons het om hierdie deure oop te maak, geen soldate kom in om ons te arresteer, en ons hier uit te vat en ons in die straat te vermorsel nie, maar dit sal nie lank wees nie, Vader, ons sien al hierdie dinge gebeur.

181 O, laat ons nou voorberei, Vader. Laat ons Olie kry terwyl daar iets is om te verkoop, nie te verkoop nie, maar net om te ontvang. Ek bid dat U U mense sal seën vanaand, seën hierdie klein, gebroke boodskappie, en gee eer aan U mense. Ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

182 Laat ons sien, ek weet nie van die gebedskaartjies nie. Ek nie. . .Waar is Billy Paul? Geen gebedskaartjies nie. Wel, glo julle, in elk geval? Glo julle—julle met julle hele hart? Ek wou dit preek, vanaand. Miskien sal hy môre-aand gebedskaartjies gee. Hulle het dit genoem, maar ek sê julle wat dit gedoen het, ek was—ek was so moeg.

183 Hoeveel weet dat visioene jou amper doodmaak. Jesus, een vrou het Sy kleed aangeraak, krag het van Hom uitgegaan. Weet julle dit? Hier's klein Mev. Schrader hier, ek het vandag daarbinne met haar gepraat. Wonder julle waarom sy so lê? Sy het 'n gawe van profesie, dis wat dit doen.

184 Daniël het 'n visioen gesien, was ontsteld in sy kop vir baie dae. Mense besef nie wat dit is nie. Sien? Jy . . . Maar God is steeds

hier. God weet alles daarvan. Jy hoef nie—jy hoef nie hiernatoe te kom met 'n gebedskaartjie nie. Ek voel die Heilige Gees net nou, ek voel Sy seëninge en Sy heerlikheid.

185 Hoeveel daarbuite ly en is behoeftig? Steek julle hande op. Weet dat ek jou nie ken nie. Ek weet nie of ek net almal van julle kan vind, of nie. Bid julle.

186 Luister, om julle te laat weet soos ons vandag praat, onthou julle? Daar's eintlik drie rasse mense in die wêreld. Ons weet dit, nie waar nie? Gam, Sem, en Jafet se mense. Dis presies reg. Jood, Heiden, en Samaritaan.

187 Onthou julle vir Petrus op die Dag van Pinkster? Hy het die sleutels gehad. Glo julle dit? Jesus het so gesê. En hy het die Koninkryk oopgemaak vir die Jode by Pinkster, en Filippus het afgegaan na Samaria, hulle almal gedoop, maar tog het die Heilige Gees nie op hulle geval nie. Hoekom? Hulle was 'n ander volk. So toe het hulle na Petrus en Johannes gevra, wat afgekom het en hande op hulle gelê het, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

188 By die huis van Cornelius, is hy deur 'n Engel verplig om vir Petrus te stuur. Daarna, is die Heilige Gees oopgemaak vir elke ras van mense toe, Jood, Heiden, en Samaritaan.

189 Onthou, toe Jesus hier op aarde was, het Hy Sy Messiaanse teken aan die Jood gewys, hulle het dit herken. Ons het dit gisteraand gehad. Onthou julle dit? Hy het dit vir die Samaritaan gewys, hulle het dit herken. Maar nie een keer het Hy dit voor die Heiden gedoen nie. Hoekom? Hy het tweeduisend jaar van Evangelie gehad. Nou het julle tyd gekom, soos die Jode duisende jare gehad het, hulle moes dit sien, die—die Samaritane, ensovoorts, hulle moes dit sien.

190 Hulle het nie gesoek na . . . Hulle het gesoek na 'n Messias, wel, ons Heidene was nie, ons was Romeine en heidene met 'n knuppel op ons rug, wat 'n afgod aanbid het, ons het nie gesoek na enige Messias nie. Die Messias kom na hulle toe wat na Hom soek. Hy het Homself as Messias getoon. En vandag sê die Heidene hulle soek na Hom, maar hulle sien Hom nie. Nou as . . . [Leë kol op band—Red.]

191 . . . Homself as Messias verklaar deur die dinge wat Hy gedoen het, en die, elke gelowige in die Bybel wat dit gesien het, wat verordineer was tot die Ewige Lewe, het dit geglo. En as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, die oneindige God, en die Heidense Kerk in die Koninkryk sal laat ingaan op hulle basis van teologie, sou Hy onregverdig wees. Hy sou beslis, want Hy het daardie nasies Hom laat sien. Maar Hy het belowe in hierdie laaste dae sou Hy ook verskyn.

"Waar, Broer Branham?"

“Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.”

192 Onthou die broer wat vanmôre gepraat het van drie Engele wat afkom? Twee van hulle het afgegaan in Sodom. Daar’s altyd drie, dis in ’n drie-eenheid, en die drie-eenheid is Een. Sien?

193 Nou let op, daar was die Sodomiete, die ongelowige Sodomiete, die wêreld; daar was Lot, die louwarm Christengelowige; daar was Abraham, die uitgeroepte van hulle, Uitverkore, Abraham. Glo julle dit?

194 Kyk, twee Engele, moderne predikers, het afgegaan en gepreek, het geen wonderwerke gedoen nie, hulle net blind slaan, en die verkondiging van die Evangelie slaan die ongelowige blind. Maar Lot is gered, maar Abraham verteenwoordig in, vir hierdie laaste dag, die uitverkore Kerk, die Kerk waarin die Bonatuurlike ingegaan het.

195 Hou daardie Engel dop, kyk nou wat Hy gedoen het. Nou, ons weet almal, bo enige twyfel, dat Dit nie ’n Engel was nie, Dit was God Self, Dit was die Teofanie, God. Abraham het Hom Elohim, God genoem. En Hy het agtergebly en met Abraham gepraat. Nou, kyk na die teken wat Hy vir Abraham gegee het dat die . . . nie toe die wêreld deur water vernietig is nie. Julle onthou toe dit vernietig is deur water. Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, hulle eet, drink, trou, en word uitgegee in die huwelik, en dit was in die dae van Lot.” Sien? Dan kan jy dit interpreteer.

196 Hou hierdie Engel dop toe Hy gekom het. Eerste ding wat Hy vir Abraham gesê het, bely dat Hy ’n Vreemdeling was, net twee manne wat ingekom het. Abraham, met die Gees van God in hom, het herken dat daardie manne van God was, ingegaan, vir Sara gesê om ’n bietjie brood gereed te kry, terwyl hy gegaan het, ’n kalf doodgemaak, en die dienskneg dit laat voorberei, en dit uitgebring het. Nou wag, Dit was God.

’n Man het vir my gesê nie lank gelede nie: “Broer Branham, jy sou nie dink dit was God nie.”

197 “Dit was God, die Bybel het gesê Dit was. Hy het die vleis van ’n kalf geëet, die melk van die koei gedrink, en mieliekoekies geëet, ek veronderstel dit was, en botter geëet, God Self.”

Wel, hy het gesê: “Wel, hoe kan Hy in die vlees wees?”

198 “Jy weet nie Wie God is nie. God is ’n Skepper. Waaruit is jy gemaak? Sestien elemente, kosmiese lig, en petroleum, en kalsium, en kalium. Wel, God het net oorgereik en ’n handvol klei gekry, en gegaan, ‘*Whew!* Stap daar in, Gabriël. *Whew!* Stap daar in, Alsem. *Whew!* Michael,’ wie dit ook al was. ‘*Whew!*’ Een vir Homself geblaas. Daar afgeloop en geëet en verdwyn.”

199 Halleluja! Wat beteken hierdie liggaam? My God kan praat, en as ek nie ’n lepel as is nie, sal ek voortkom, in elk geval.

200 Soos ek julle dikwels gesê het, ek het hierdie drie of vier hare gekam wat ek oor het, my vrou het vir my gesê, gesê: "Billy, jy raak heeltemal kaalkop."

Ek het gesê: "Ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê dan vir my waar is hulle."

Ek het gesê: "Sê vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het, waar hulle ook al was, hulle wag daar vir my om na hulle toe te kom." Amen. Halleluja!

201 Wat is dit? Jy verrot: "Elke haar van jou hoof is getel. Ek sal hom oprig in die laaste dae." Halleluja!

202 My liggaam is uitgelê op hierdie aarde voor daar selfs 'n lewe op die aarde was, die kalsium, en petroleum, en goed. God is 'n Kontrakteur, Hy het al die liggame uitgelê asof Hy 'n uitbreiding sou bou. Hy het geweet ons sou hier wees, Hy het geweet ek sou hier wees voor die wêreld, Hy het geweet ek sou hier staan voor daar 'n wêreld hier was, Hy het geweet jy sou sit in 'n sitplek wat jy sit, Hy's oneindig. Sekerlik. Hy ken jou.

203 Waarvoor is jy bang? Hy het jou naam op die Lam se Boek van die Lewe geplaas voor die grondlegging van die wêreld, die Bybel het gesê Hy het. Waaroor bekommer jy jou? Jy het die Heilige Gees, verseël in die Koninkryk van God. Hoe lank? "Tot die dag van jou verlossing." Amen. Die kerk is bang. Moenie bang wees nie, moenie vrees nie, glo net, dis wat God wil hê. Sekerlik.

204 Groot magte van God, daardie groot Jehova wat daar staan in hierdie Teofanie, wat vleis eet, wat melk drink, mieliebrood, en—en botter, en toe het Hy gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

205 Kyk hoe daardie selfde Een sê: "Jy is Simon, die seun van Jona." Sien? Verteenwoordig wat Hy is, dieselfde God. Hy het toe gewoon in 'n vlees, gebore uit 'n maagd, nou woon Hy in die vlees, gebore uit die aarde, maar wat geheilig is deur Sy Bloed. God bo julle, God oor ons, die Vuurkolom; God met ons, in Sy Seun; God in ons, die Heilige Gees. Sekerlik. Die ampte van God, dieselfde God die heeltyd, verskillende ampte. Sekerlik. Dis God. God, die Heilige Gees, Hy's God; Hy's met ons vanaand.

206 Let op, Hy het gesê Hy sou in die laaste dae wees voor die wêreld verbrand is, wanneer hierdie Pinksterkerk aan bewind sou kom. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van—van Sodom, so sal dit wees." Kyk hoe God in vlees gemanifesteer word met Sodom, "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Hy het geweet hy was getroud, geweet hy het 'n vrou gehad, en geweet haar naam was Sara.

En hy het gesê: "Sy's in die tent agter U." Onthou die Bybel het gesê: "agter Hom." Die gordyn was agter, sy was in die tent.

207 Hy het gesê: "Abraham, Ek," nog 'n persoonlike voornaamwoord, sien: "Ek gaan jou besoek." Wie was hierdie

Kêrel? "Ek gaan jou besoek volgens My belofte, en die tyd van die lewe. Sara gaan, daardie agt-en-twintig dae tyd gaan weer begin met haar, sy gaan weer verander in 'n jong vrou, en Ek gaan jou besoek."

En Sara binne-in die tent binne haarself, geen geraas nie, het gesê: "*Humph!*"

En met Sy rug na die tent, gesê: "Hoekom het sy gelag?"

208 Watter soort telepatie is dit? Watter soort gedagtelees is dit? Wat was dit? Dit was God in vlees, en Jesus was God in vlees, en die Heilige Gees, vanaand, is God in vlees, wat vir die Kerk wys, Sy belofte vervul. Glorie!

209 O, Kerk van God, styg op, op die vlerke van 'n arend, en vlieg weg van hierdie ding af. Hoe gaan jy diep genoeg delf om daaroor te kom. . . onder dit te kom? Hoe gaan jy daarvan wegkruip wanneer dit 'n honderd voet in die grond sal blaas, vir 'n honderd vierkante myl? Wel, die skudding sou reg deurbreek tot by die lawa. Maar daar's 'n ontsnapping, o, wat op gaan, op; op, op, op. Dis al. "Ek sal hom oprig in die laaste dag."

210 Julle siekes, glo julle dat Hy hier is? Mag Hy Homself verteenwoordig. Ek weet nie. Bid, bid elkeen van julle.

211 Nou, Here, ek weet nie, hierdie mense, ek ken hulle nie, maar dat hulle mag weet dat dieselfde God, dieselfde God wat in menslike vlees gewoon het daar voor Abraham, en toe Hy in 'n Liggaam gekom het, maagdelik gebore, met Bloed om die sonde van die wêreld weg te neem, die Offerhande van Jehova, Wat in Hom gewoon het, toe Hy gesê het: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, Dis My Vader, Hy woon in My. Ek en My Vader is Een. Ek en My Vader is Een. My Vader woon in My," en Hy het dieselfde werke gedoen wat Hy gedoen het toe Hy in daardie Liggaam gewoon het, wat daar voor Abraham gestaan het, belowe het dat die, "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

212 Ek het 'n harde Boodskap van *Konferensies* gepreek. Ons is in 'n konferensie, ons roep U aan, Here, neem U die besluit. Is u dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Ek het probeer om U Woord te preek net soos Dit geskryf is, ek het Daarop probeer staan. As U hier is, Vader, gee ons U besluit. Is U dieselfde? Is U hier om die wil van God in ons vlees te bewerk, en die dinge te doen wat U belowe het U sou doen? Bevestig dit, Here, ten minste deur twee of drie in die gehoor. Ons vra, in Jesus' Naam. Amen.

213 Niemand wat beweeg nie, regtig stil, baie eerbiedig nou.

214 As enigiemand hiernatoe wil kom en my plek inneem, as julle nie glo dit is waar nie, kom hier en probeer. Julle is welkom op die preekstoel.

215 Hoeveel in hierdie gebou hier wat siek is, en julle weet dat ek julle nie ken nie, niks van julle af weet nie, steek julle hand op. Daar is nie 'n persoon waarvan ek weet nie. Hoeveel het 'n

begeerte op hulle hart vir een of ander geliefde, of iets? Jy weet ek ken jou nie. Of wat enigiets nodig het, glo net.

216 Voor God, voor die Heilige Gees, gaan ek sien en kyk of ek enigiemand in hierdie gebou ken wat ek, eintlik, sou ken. Daar's 'n man wat hier sit waarna ek kyk, ek ken nie sy naam nie, hy het hiernatoe gekom saam met daardie sendelinge. Ek—ek vergeet jou naam. Ek is nou die dag aan hom voorgestel.

217 Hierdie man hier wuif nou en dan vir my, maar ek ken hom nie, ek weet nie wie hy is nie. Ek soek net om seker te maak dat ek. . . Ek ken Suster Schrader wat hier sit, natuurlik, Jackie, Broer Moore se dogter, en daar's my skoondogter, Loyce. En is dit nie die dame hier van bo by Hot Springs met wie ek vanmôre gepraat het nie, Suster Humbard? Ja. Wat sê? Humbard. Ek ken haar. Buiten dit, ken ek niemand daarbuite nie. Ek sal die platvorm kry, miskien môre-aand, as die Here wil.

218 Goed, laat ons sien, die Bybel het gesê: "Beproef My, sê die Here." Dit reg? Nou, wees julle opreg en bid julle, laat ek my rug draai en kyk of God Sy Woord hou. As die God wat gewoon het in daardie vlees daaronder van daardie Man, daardie Teofanie, of wat Dit ook al was, die God wat in Jesus Christus gewoon het, Wie Jesus. . . Almal het gedink Hy het dubbelsinnig gepraat, maar partymaal was Dit Hy wat praat, partymaal was Dit die Gees wat praat.

219 Nou, onthou Jesus was God, ons is nie God nie. Hy het die Gees sonder maat gehad, "Die volheid van die Godheid het liggaamlik in Hom gewoon," maar ons het die Gees ten dele. Wel nou, as ek 'n lepel water uit die oseaan sou neem, sou dit 'n vergelyking wees, sou jy dit nooit mis nie. Wel, dis die Heilige Gees wat op my en op julle is. Maar onthou as ek. . . En Jesus het die hele oseaan gehad, was in Hom, dit alles.

220 Maar as ek 'n lepel water uit die oseaan geneem het, dieselfde chemikalieë wat in die hele oseaan is, is in daardie—daardie lepel vol, elke chemikalie in die oseaan is daarin, is in die water. Dis dieselfde Gees, maar nie soveel Daarvan nie, maar Dit sal op dieselfde manier optree, want Hy het dit belowe.

221 Ek vra jou net om dit te sê: "Here," maak seker jy sit 'n Skrif, "Daar staan geskrywe in die Skrif dat U nou ons Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Ek het 'n behoefte. Here, om U Woord aan my te laat bevestig, laat my in staat wees om U kleed aan te raak."

222 Ek wens. . . Ek—ek sê nie dat Hy dit sal doen nie, onthou, ek sê nie Hy sal dit doen nie, ek neem Hom net op Sy Woord.

Nou, as jy sou sê: "Broer Branham genees my."

Ek—ek wens ek kon. As Jesus hier gestaan het, kon Hy dit nie doen nie, Hy het dit alreeds gedoen, Hy probeer jou net kry om dit te glo.

223 As Hy dit sal doen, vir julle mense daarbuite, wat net daar sit, sal dit elke twyfel wegstoot, en julle sal met julle hele hart glo, regoor die gebou? Sal julle julle hande opsteek na God toe, sê: "Dit sal my net daarin laat glo"? Goed, bid.

224 Nou, Here, hierdie is nie vir 'n vertoning nie, hierdie is om U Woord te bevestig. Hou U U Woord, ek glo elkeen van Hulle. Nou, daar's mans en vroue daarbuite net in nood, soos die mense was die dag toe U op aarde was, soos die vrou U kleed aangeraak het. U is in die Heerlikheid vanaand, sit aan die regterhand van die Majesteit, en U is 'n Hoëpriester, U het gesê, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

225 Ons kan nie genees nie, ons weet ons is nie genesers nie, maar U maak Uself bekend, dat U steeds God is. Laat iemand, Here, genoeg geloof hê om U aan te raak op hierdie tyd. Ek bid dat—dat U my, U onwaardige en nuttelose dienskneg, myself sal laat ontspan en my eie uit die pad uit te kry, dat U U verborgenhede aan U Kerk mag spreek om te bevestig.

226 Vader, Moses was nie waardig om na Egipte toe te gaan nie, maar U het hom gekies; Petrus, die visserman, was nie waardig om 'n apostel te wees nie, maar U het hom gekies. Ons is nie ons eie nie, ons is gekoop. Ek is nie waardig om U dienskneg te wees nie, maar U het gekies, nie een van ons is waardig nie, maar U het gekies.

227 Laat dit vanaand wees, Here, dat die moeilike deel van U Woord uitgevoer sal word, dat die mense mag weet dat U God is, en ek hulle die Waarheid vertel. Nou, die mense kyk en hulle wonder, en die Bybel het duidelik gesê: "As daar een onder julle is, wat 'n profeet is, sal Ek met hom spreek; wat die man sê die waarheid is, gebeur, luister dan na hom."

228 Vader, ek sê dit dat hulle die Boodskap mag glo wat ek vir hulle preek, ek bid dat U sal bevestig. Ek het van U gepraat, spreek nou, Here, dat ek die Waarheid gepraat het. Skenk dit, Vader, soos ek op U wag vir 'n trek van geloof van iewers af, in die Naam van die Here Jesus.

229 Daar's 'n dame, ek sien haar voor my, sy ly aan artritis. Hier sit sy net hier, hand op soos *dit*. Dis waar. Jy het gebid dat God my sou omdraai, nou het Hy, jou artritis is weg.

230 Ek ken nie die dame nie, ek het haar nog nooit gesien nie. Is ons vreemdelinge vir mekaar, dame? Ek ken jou nie, jy ken my nie. Dat jy mag. . . Glo jy dat ek Sy profeet is? Ek bedoel Sy dienskneg. Daardie woord struikel baie van. . . Kyk na my, glo.

231 Wat van daardie seun? Glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met die seun? As ek hom kon genees, sou ek dit doen. Ek kan nie, maar, Jesus kan nie, maar God is nou in ons vlees. Daardie seun het rumatiekkoors. As dit reg is, steek jou hand op. Of, hy het dit gehad, hy het nie nou nie.

232 "As jy kan glo!" Wat het sy aangeraak, met my rug gedraai? Sy het die Hoëpriester aangeraak. Glo julle nou? Bid iemand, glo, hê geloof. Daar's soveel van julle, soveel.

233 Dink jy sy sal genees word van daardie kanker? Jou tante. Glo jy dat sy gesond gemaak sal word? Goed. Sy's nie hier nie, maar jy het vir haar gebid, 'n tante wat kanker het. Glo, en sy sal gesond wees.

Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo met julle hele hart. God beantwoord gebed. Glo julle dit? Hê geloof in God.

Iemand deur hierdie gedeelte, iewers, maak nie saak waar jy is nie, bid.

234 O Jehova-Jireh, Jehova-Rapha, die God van visioen, God van krag, die God Wie ons ken in Jesus Christus, laat dit so wees, Vader. Ja.

235 Nou om te kyk of ek die persoon kan vind. Ek kyk na iemand daaragter wat blykbaar naby is. Ted Dudley. Is dit Ted wat daar sit? Gedink dit was. Reg hierbinne, is dit Ted? Dis reg agter jou. 'n Dame daaragter, ja, sien, dis nie sy wat siek is nie, sy bid vir haar seun. Dis reg. Dis 'n bejaarde dame. Hy woon in Mississippi, 'n sondaar waarvoor jy bid om gered te word.

236 Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Is daardie dinge waar, dame? Steek jou hand op. Werk God steeds in menslike vlees? Wat van julle almal agter in daardie deel? Glo julle daaragter? Bid met julle hele hart.

237 Hy, Wat alle dinge weet, ek bid U, Here, wat die hart van mense ken, nie dat mense geken mag word nie, soos U vanmôre in tale gespreek het, maar hierdie Boodskap het gesê daar's profete in die midde. Ons weet dit is U, Here. Met wie sou U praat daaragter?

238 Ja, 'n jong man, hy dra 'n—'n hemp wat toegeknoop is, geen das aan nie, dis 'n sporthemp. Hier. Ek ken jou nie, jong kêrel, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy's van hier af, van 'n skool af. Hê geloof. Jy bid vir jou broertjie, hy's spasties. Jy's in Texas op hierdie tyd, maar jou broertjie is van 'n streek wat berge daarin het, dis Idaho. Jou naam is Mnr. Hunt. Glo in die Here Jesus Christus, en ontvang waarvoor jy gevra het.

239 O, die Roos van Saron, die Lelie van die Dale, die Môrester, die Alfa, Oméga, die Eerste en die Laaste, die Wortel en Nageslag van Dawid!

Man wat daar sit met 'n dubbele breuk, breuk, is twee keer geopereer daarvoor. Mnr. Finn van Mississippi. Ek ken jou nie, maar dis die waarheid.

Glo jy? Hê geloof.

Mev. Farmer, het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy God genees jou keelprobleem? Jy kan ook na Mississippi toe gaan, en gesond word.

Mev. Boyd, langs haar, jy's van Shreveport, Ek ken jou nie, maar jy het bursitis, neuritis. Word gesond.

Ek daag julle uit om in die Here te glo. Ek is nie Hy nie, maar Hy is hier.

240 Vee die trane uit jou oë, wat sterwend op 'n bed lê. Daar was eenkeer drie melaatses wat by 'n poort gesit het, hulle het gesê: "Waarom sit ons hier? As ons hier sit, sal ons doodgaan van die honger." In die stad, het hulle mekaar se kinders geëet. Sê: "Waarom sit ons hier? Laat ons iets daaraan gaan doen. As ons na die kamp van die vyande gaan, as hulle ons doodmaak, ons sal in elk geval sterf. Ons gaan in elk geval sterf, maar miskien sal hulle ons red." En op grond van om na 'n vyand se kamp toe te gaan, het God hulle beloon.

241 As God vir my sal sê wat jou probleem is, dame. . .Jy's geskadu, daar's 'n donker skaduwee oor jou, sterwend. As Hy vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy opstaan, en nie na 'n vyand se kamp toe gaan om 'n kans te vat nie, maar kom na die huis van die lewende God waar jy verwag word? Sal jy my glo as Sy profeet? Jy het kanker op die ruggraat. Jy was in die bed vir weke. Staan op, ontvang jou genesing. Gaan huis toe in die Naam van die Here Jesus.

Glo jy? Hoeveel. . .? Daar is sy! Ruggraat is genees van kanker! Kom ons prys God.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaar prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Kom ons buig ons hoofde.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir. . .prys;
Gee Hom eer. . .(Wat ons gesê het. . .)

60-1125 Konferensie
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org